# Les 17 ONS LEWE VIR DIE HERE OMDAT JESUS VIR ONS GESTERF HET

## 1. Hersiening: Jesus het vir ons gesterf

Kom ons lees Hebreërs 10 vers 17 en 18 saam. *"[17]Dan sê Hy verder:"Aan hulle sondes en hulle oortredings sal Ek nooit meer dink nie." [18]Waar die sondes vergewe is, is geen offer daarvoor meer nodig nie."*

Die Bybel wys ons dat die Here nooit meer aan sondes en oortredings dink nie. Dit beteken dat die Here nooit meer dink aan wat ons verkeerd gedoen het nie. En die rede hoekom die Here nooit meer aan enigiets wat ek verkeerd gedoen het, dink nie, is omdat Jesus klaar vir alles wat ek verkeerd gedoen het, en nog gáán verkeerd doen, betaal het. Toe Jesus aan die kruis vir ons sondes gesterf het, het Hy klaar en vir altyd vir alle dinge wat ons verkeerd gaan doen, betaal. Daarom dink God nooit meer aan alles wat ons verkeerd doen nie. Want alles wat ons verkeerd doen, het Jesus klaar met Sy dood vir ons betaal.

## 2. Mense doen die regte dinge omdat hulle skuldig voel

Kinders doen baiekeer verkeerde dinge. Hulle sal met 'n bal in die huis speel al het Pa en Ma gesê hulle mag nie met balle in die huis speel nie. En wat gebeur dan as kinders met 'n bal in die huis speel? Dan skop hulle die bal teen een van Ma se mooi glasbakke en die bak val en breek.

Dan werk dit gewoonlik só! Dan gaan die kinders en hulle gaan was die skottelgoed mooi en hulle gaan doen hulle huiswerk mooi. As Ma dan by die huis kom, dan sê hulle vir Ma dat hulle vir haar die skottelgoed alles mooi gewas en afgedroog en weggepak het. En hulle sê vir haar hulle het al hulle huiswerk klaar gedoen.

Hoekom het hierdie kinders hulle huiswerk gedoen en die skottelgoed gewas? Want hulle voel skuldig omdat hulle Ma se mooi glasbak gebreek het met die bal wat hulle in die huis rondgeskop het.

Hulle doen die regte dinge omdat hulle skuldig voel.

## 3. Mense probeer verkeerde dinge regmaak deur die regte dinge te doen

Wat probeer kinders doen wanneer hulle skottelgoed was en huiswerk doen, nadat hulle Ma se blombak gebreek het? Hulle probeer dit wat hulle gebreek het, regmaak!

Werk dit? Kan 'n mens Ma se stukkende blombak regmaak deur skottelgoed te was en huiswerk te doen?

Nee!

Hoe voel Ma as sy sien die kinders het die skottelgoed gewas en hulle huiswerk gedoen? Sy voel baie bly. Sy voel die kinders het iets vir haar gedoen omdat hulle vir haar lief is. Maar hoe voel Ma as sy sien haar blombak is gebreek, en dít is hoekom die kinders so soet was? Dan is sy baie kwaad. Die huiswerk en skottelgoed

help niks nie. Sy dink aan hoe ongehoorsaam hulle was en dat hulle haar bak gebreek het. Sy dink niks aan die huiswerk wat hulle gedoen het en skottelgoed wat hulle gewas het nie.

Die Bybel gebruik 'n snaakse woord vir hierdie manier om iets goed te doen om te probeer om iets wat verkeerd is, reg te maak. Kyk wat noem die Bybel dit in Romeine 7: *"maar toe die gebod gekom het, het die sonde begin lewe, [10]en ek het gesterwe. Dit het geblyk dat die gebod wat bedoel was om vir my die lewe te bring, vir my die dood beteken."* Die Bybel noem hierdie gevoel om iets vir God reg te wil doen om iets wat verkeerd is, te probeer regmaak, "die dood". Die Bybel sê iemand wat só voel, het doodgegaan. Iemand wat só skuldig is dat hy iets reg doen om iets wat hy verkeerd gedoen het, te probeer regmaak, het gesterf en doodgegaan.

Hoekom?

Want hoekom was hierdie kinders vir hulle ma die skottelgoed? Omdat hulle haar liefhet of omdat hulle bang is vir wat sy gaan doen wanneer sy sien wat hulle gebreek het, en dink hoe ongehoorsaam hulle was? Hulle doen alles vir hulle ma omdat hulle nou bang is vir wat sy gaan doen as sy sien wat hulle verkeerd gedoen het. Hulle doen niks meer uit liefde nie. Hulle doen alles uit bangheid.

En daarom sê die Bybel dat as jy iets vir God doen omdat jy bang is vir wat Hy gaan doen omdat jy iets verkeerds gedoen het, dan het jy doodgegaan binne-in jou hart vir die Here. Want dan doen jy alles reg vir die Here omdat jy bang is vir Hom. Jou liefde vir die Here het doodgegaan met al die skuldgevoelens wat jy het oor wat jy verkeerd gedoen het.

**4. Die Here maak ons weer lewendig vir Hom**

Kom ons kyk weer! Dink die Here aan die verkeerde dinge wat ons gedoen het? Nee. Die Here dink nooit weer aan die verkeerde dinge wat ons gedoen het, of wat ons nog gaan doen nie. Dink die Here aan die dinge wat ons gebreek het toe ons nie na Hom geluister het nie? Nee! Die Here dink nooit weer aan die dinge wat ons gebreek het nie.

Hoekom nie? Want die Here dink net aan die dood van Jesus, wat die offer is wat alles regmaak wat ons verkeerd gedoen het.

Kyk hoe wys die Bybel dit vir ons in Romeine 6 vers 11 en 14:
*"Julle moet dus altyd onthou dat ook julle vir die sonde dood is, maar vir God lewe, omdat julle een is met Christus Jesus… 13 Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil."*

Hierdie verse beteken dat jy nooit, ooit weer vir die Here bang hoef te wees oor iets wat jy verkeerd gedoen het nie. Want ons is een met Jesus. Hierdie woorde beteken:

die Here draai alles om, Syne is myne en myne is Syne. Alles wat ek verkeerd doen, is die Here s'n. En alles wat die Here reg doen, is myne. Sy dood maak alles reg wat ek verkeerd doen. Daarom hoef ek nooit weer bang te wees dat die Here vir my kwaad gaan wees oor wat ek verkeerd doen nie.

Hoe voel 'n mens as jy weet die Here sal nooit weer kwaad wees vir dit wat jy verkeerd doen nie? Dit laat ons begin lewe.

Wat sal kinders maak as Ma by die huis kom, sien hulle het die blombak gebreek, nie vir hulle kwaad word of hulle straf nie en dan vir hulle sê: "Kom ons gaan was die skottelgoed en as ons klaar is, dan gaan doen julle huiswerk?"

Hulle sal voel hulle wil graag vir haar die skottelgoed was en hulle wil graag vir haar gaan huiswerk doen. Hoekom? Omdat hulle só bly is dat sy hulle nie straf nie! Omdat sy weet hulle kan nie weer die blombak regmaak deur iets wat reg is, te probeer doen nie.

Nou kan hulle vir haar doen wat sy wil hê hulle moet doen, omdat hulle dit gráág vir haar wil doen! Hulle wil haar graag wys hoe bly en dankbaar is hulle dat hulle nie skuldig is nie.

Om vir die Here te doen wat reg is omdat ons bly is dat Hy ons nie straf nie en omdat Hy nie dink aan wat ons verkeerd doen nie, noem die Bybel "ons lewe vir die Here".

**5. Opsomming**

Ons hoef nie vir die Here iets reg doen om te probeer regmaak wat ons verkeerd gedoen het nie. Ons hoef nie vir ons sondes betaal deur vir die Here iets reg te doen nie. Want – die Here het alles kláár reggemaak toe Hy vir ons sondes gesterf het. Die Here het álle skuld wat ons kan hê vir énigiets wat ons óóit verkeerd kan doen – klaar reggemaak.

Nou is ons nie meer dood vir die Here nie. Ons doen nie meer vir die Here regte goed omdat ons skuldig is, of skuldig voel nie. Dit sal Hom net kwaad maak.

Ons kan vir die Here reg leef en die regte dinge doen, omdat ons bly is dat Hy ons nooit sal straf vir wat ons verkeer doen nie en nooit weer aan wat ons verkeerd doen, sal dink nie.

Die Here dink net aan wat ons vir Hom wil doen omdat ons bly is Hy het al ons skuld vir altyd klaar betaal toe Hy vir ons sondes gesterf het.

Ons lewe vir die Here. Ons doen vir die Here wat reg is, omdat Hy ons sondes nie straf nie.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het

___________________________________Handtekening: ouer of voog